



# Privaatskool Elnatan

*Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.*

## BELEIDSDOKUMENT: SB01

### SPORT

Direksie- / Bestuurslid	Naam en van:	Handtekening van aftekenaar:
Voorsitter:	Hannes Thorburn	
Ondervoorsitter:	Louisa Campbell	
Skoolhoof:	Tinus Botma	
Sportbestuurder:	Wessel Pienaar	

Datum goedgekeur:	Augustus 2019	
Goedgekeur deur:	DIREKSIE / BESTUURSPAN	
Hersieningsdatum:	Augustus 2022	
Hersien deur:	BESTUURSPAN	
Uitgawe:	2 <sup>de</sup>	
Verantwoordelike persoon:	SPORTBESTUURDER	

## **AFDELING A**

### **1. INLEIDING**

Die sportbeleid stipuleer die uiteensetting van bestuur en struktuur, sportdeelname, sportontwikkeling en sport ondersteuning van Privaatskool Elnatan.

Eerstens word daar gekyk na die algemene visie, missie en doelwitte van sport binne Privaatskool Elnatan.

Die volgende aspekte van belang word soos volg hanteer: bestuur en struktuur, sportdeelname, sportontwikkeling en sport ondersteuning.

### **2. VISIE, MISSIE EN DOELWITTE**

#### **2.1 VISIE**

**Dit is die strewe van Privaatskool Elnatan:**

Om optimale welstand en ontwikkeling tydens die deelname aan fisieke aktiwiteit en sport vir leerders te bewerkstellig. Goeie sportmanskap en waardes moet ten alle tye tentoon gestel word.

#### **2.2 MISSIE**

**Om die visie te verwesentlik beoog ons om:**

- aan alle leerders die geleentheid tot deelname aan onderskeie sportkodes en fisieke aktiwiteit te bied,
- sportdeelname vir alle leerders aan te moedig,
- sporttalente te identifiseer en dit te ontwikkel,
- lewensvaardighede te ontwikkel tydens verskillende vlakke van sportdeelname,
- sport en fisieke aktiwiteit aan te wend as katalisator in die ontwikkeling van karakter en sportmanskap.

#### **2.3 DOELWITTE**

**Die volgende doelwitte dien as riglyne in die nastrewing van ons visie en missie:**

- 'n Gedragskode vir afrigters, spelers, ouers en toeskouers te implementeer.
- Om 'n sportontwikkelingsplan daar te stel waarbinne leerders die geleentheid kry om te ontwikkel as sportdeelnemers in onderskeie sporte en as 'n gebalanseerde mens.
- Om voorsiening te maak vir geskikte fasiliteite en die instandhouding daarvan.

- 'n Afrigtingsontwikkelingsplan daar te stel wat afrigters bemagtig met bepaalde afrigtingsvaardighede binne 'n bepaalde begroting.
- Om tersaaklike wetlike aspekte en regulasies te implementeer om sodoende aanspreeklikheid risiko's te beperk.
- Om die opvoedkundige waardes en norme van die skool na te volg tydens sportbeoefening.

## **2.4 OPVOEDKUNDIGE FILOSOFIE**

Prestasie is nie 'n maatstaf op sigself nie, maar die gevolg van die suksesvolle toepassing van 'n visie, missie en doelwitte. Ons beskou daarom ons leuse as:

**KOMPETERENDE DEELNAME MET GESONDE SPORTMANGEES.**

## **AFDELING B**

### **BESTUUR EN STRUKTUUR**

#### **1. INLEIDING**

##### **Die bestuursmandaat behels die volgende:**

Die bestuursmandaat word verleen deur die direksie via die skoolhoof aan die sportbestuurder. Die bestuur van sport behels die implementering, algemene bestuur en kontrolering van die sportbeleid.

#### **2. BESTUUR EN STRUKTUUR**

##### **2.1 Sportkomitee**

Die sportkomitee is verantwoordelik vir die oorhoofse en operasionele bestuursaangeleenthede van sport en bestaan uit die volgende portefeuljes:

- Sportbestuurder (Voorsitter)
- Sameroepers
- Ouerverteenwoordigers
- Skoolhoof

##### **a. Sportbestuurder**

- Die sportbestuurder is 'n permanente aanstelling van Privaatskool Elnatan. Verantwoordelikhede van die sportbestuurder word vervat in die pligstaat soos deur die skoolhoof en bedryfshoof goedgekeer.

##### **b. Sameroepers**

- Die sameroepers van die onderskeie sportkodes is personeellede van Privaatskool Elnatan. Die sameroepers word deur die sportbestuurder aangestel in oorleg met die bestuurspan. Die sameroepers word jaarliks aangestel volgens die werksverdeling van Privaatskool Elnatan.
- Daar word vir alle sportkodes binne skoolverband sameroepers aangestel. Die sameroepers sal die sportbestuurder bystaan om die take van die onderskeie sportkodes uit te voer.

**c. Ouerverteenwoordigers**

- Ouerverteenwoordigers word jaarliks deur bestuurspan aangewys.
- Ouerverteenwoordiging word vir alle sportkodes binne skoolverband aangewys.
- Ouerverteenwoordigers sal:
  - a. dien as skakel tussen ouers en afrigters.
  - b. behulpsaam wees met bepaalde organisatoriese aspekte soos van tyd tot tyd verlang word.
  - c. Vergaderings bywoon soos deur sportbestuurder bepaal.

**d. Skoolhoof**

- Vorm deel van die komitee.

**e. Pligte van die sportkomitee is as volg:**

Die pligte van die komitee is as volg:

- Oorhoofse koördinerings en bestuur van sport in Privaatskool Elnatan.
- Uitvoering van die sportbeleid deur middel van algemene bestuur, beplanning, koördinerings, kontrolering.
- Administratiewe en finansiële bestuur.
- Sportkomitee vergader een keer per termyn.

## **2.2 KOMMUNIKASIE**

Goeie kommunikasie tussen ouers, skool, afrigters en kinders is sekerlik een van die belangrikste komponente van suksesvolle sportbestuur by die skool. Die skool moedig opbouende kommunikasie aan om sodoende ons sport te verbeter.

**a. Kommunikasie mediums**

Die skool gebruik die volgende mediums en forums om met ouers en kinders te kommunikeer:

- Ouervergaderings
- Palmalarm
- Whatsapp
- Webtuiste

Privaatskool Elnatan aanvaar die verantwoordelikheid om deur middel van bogenoemde kanale inligting oor te dra. Indien ouers nie beskik oor bogenoemde kommunikasie-middele nie, is dit die ouers se verantwoordelikheid om dit aan die skool te meld en alternatiewe voor te stel.

Die onderstaande tabel verduidelik hoe die skool met betrekking tot spesifieke sportaangeleenthede kommunikeer:

<b>Kommunikasie</b>	<b>Medium</b>	<b>Tydstip</b>
Inligting rondom oefentye, plekke, oefendae en afrigters vir elke sportseisoen	Buitemuurse Rooster	Aanvang van die seisoen
Wedstrydprogram van elke spesifieke sportsoort vir die jaar	Whatsapp	Aanvang van die seisoen
Noodgedwonge aanpassings van voorheen gekommunikeerde reëlins	Whatsapp/ Palmalarm	Soos van toepassing
Wedstrydinligting soos spanne, tye, plekke, vervoerreëlins, drag, ens.	Whatsapp groepe	Wanneer finale reëlins van gasheerskool ontvang word
Elke week se wedstrydreëlins	Palmalarm	Voorafgaande week
Afstel van oefeninge en wedstryde	Whatsapp	Soos van toepassing
Toerrooster	Briewe	Einde van die vorige jaar

#### **b. Kommunikasiekanale vir ouers**

Ouers word aangemoedig om die volgende kommunikasiekanale te gebruik met enige klagtes of navrae:

- Ouers word versoek om enige klagtes, navrae of versoeke met afrigters op te neem. Indien nodig kan die sameroeper of sportbestuurder daarna gekontak word.
- Sportbestuurder kan die saak verwys na skoolhoof en of bestuurspan.

### **2.3 ONTVANG VAN BESOEKENDE SPANNE**

- Die afrigter van die Elnatan sportspan en/of sportkode sameroeper van dié geleentheid of wedstryd moet toesien dat die besoekende skool se afrigter/bestuurder/spelers vriendelik en gasvry ontvang word, onmiddellik na arriwering. Sportbestuurder moet so ver moontlik teenwoordig wees.
- Aanwysings waar kledkamers, snoepie en parkeerplek is, moet aan besoekers deurgegee word. Enige vrae of versoeke moet ook hanteer word.
- Hierdie verantwoordelikheid kan ook aan die kaptein/e delegeer word.
- Alle Elnatan seuns en dogters moet, ongeag die uitslag of die omstandighede van die wedstryd, die opponent 'n handdruk na die wedstryd gee.
- Besoekende skeidsregters moet na die wedstryd bedank word.

### **2.4 ONTHAAL VAN TOERSPANNE**

- 'n Volledige program vir die besoekende toerspan/ne moet aan die bestuurspan voorgelê word.
- Toerspanne aan Elnatan moet altyd gasvry onthaal word.
- Toerspanne kan etes en verblyf by sportbestuurder bespreek. Tariewe moet vooraf aan toerspanne deurgegee word.
- Met goedkeuring van die sportbestuurder moet die afrigter leiding neem in die reël van 'n onthaal en verversings vir die opponente, afrigters en ouers.
- Onthaal geleenthede word op die skoolterrein gehou en indien dit elders beplan word moet die skoolhoof se toestemming daarvoor verkry word. Die sportbestuurder moet hom vergewis dat toesig, beheer, vervoer en die nodige vrywaringsvorme vir Elnatanleerlinge deur die ouers voltooi en ingehandig word.

### **2.5 VERVOER**

- Die ouer is primêr verantwoordelik om sy kind by die sportwedstryde te besorg.
- Die skool moet sover dit moontlik is, busvervoer of alternatiewe vervoer verskaf na wedstryde indien ouers nie hul kinders kan vervoer nie, veral leerlinge wat naweke inbly in koshuise.
- Sportafrigters mag versoek dat sportspanne ter wille van samehorigheid en span-eenheid moét saamry op die bus tydens finale.
- Indien daar in ander ligas as Nasionale ligas deelgeneem word kan daar moontlik addisionele vervoer kostes vir ouers wees.
- Afrigters moet die bus by die sportbestuurder bespreek met weg wedstryde. Afrigters is verantwoordelik om busbestuurders te reël.
- Ouers is ten volle verantwoordelik om hul kinders by Nasionale proewe(s) te besorg.

- Die skool is verantwoordelik vir die vervoer of vervoerkoste van personeel wat aangewys word as streeks- of nasionale keurders/afrigters en –bestuurders.

## **2.6 VERBLYF**

- Die ouer is primêr verantwoordelik om vir sy / haar kind verblyf te reël vir weg wedstryde.
- Indien die ouer self die weg wedstryd bywoon moet die speler by die ouer tuisgaan.
- Verblyf kan wel gereël word vir spelers wat se ouers nie die weg wedstryd bywoon nie of spelers wat naweke inbly. Daar sal egter koste verbonde wees wat die ouer vooraf moet betaal.
- Sportafrigters mag versoek dat sportspanne ter wille van samehorigheid en span-eenheid moét saambly tydens finale.
- Indien afrigters versoek om saam te bly moet die afrigter self die verblyf reël in oorleg met die sportbestuurder. Afrigter is verantwoordelik om fondse te werf. Die skool dra slegs die begrote bedrag by soos per leerling toegestaan.
- Ouers is ten volle verantwoordelik om hul kinders se verblyf tydens Nasionale proewes te reël.
- Die skool is verantwoordelik vir die verblyf of verblyfkoste van personeel wat aangewys word as streeks- of nasionale keurders binnelands.  
Die sportbestuurder sal alle verblyfreëlings van afrigters tref.
- Die skool is verantwoordelik vir personeel se verblyfkoste tydens weg wedstryde in oorleg met die sportbestuurder.

## **2.7 DISSIPLINÊRE OPTREDE**

- Enige speler wat homself/haarself skuldig maak aan 'n oortreding wat die se naam skaad sal dissiplinêr verhoor word.
- Die dissiplinêre komitee sal bestaan uit die afrigter, sameroeper, sportbestuurder en skoolhoof.
- Afrigter van die betrokke span sal as aanklaer optree.

## **2.8 DISSIPLINE / ETIKET / ETOS**

Die sportbestuurder en afrigters in samewerking met ouers, moet poog om die etiket van elke bepaalde sportkode aan spelers oor te dra en toe te pas.

### **a. Gedragskode vir afrigters**

- Pas ten alle tye die sportbeleid toe.



- Moet nooit die opvoedkundige waarde van afrigtingsessies uit die oog verloor nie.
- Stel ten alle tye 'n goeie voorbeeld.
- Daag betyds op vir oefeninge en wedstryde.

Motivering tot:

- Liefde vir die spel.
- Genot van deelname.
- Lojaliteit teenoor span en skool.
- Getroue bywoning van oefeninge.
- Nuwe uitdagings.
- Doelwitstelling.
- Sportiewe optrede.
- Respek vir opponent.
- Deursettingsvermoë.
- Gelyke geleentheid.
- Skep van 'n wen-kultuur.

**b. Gedragskode vir spelers**

- Spelers moet ten alle tye as ambassadeurs van die skool optree.
- Openbaar ten alle tye waardige sportmanskap.
- Wat hom-/haarself verbind het tot 'n sportsoort, moet daarmee volhard tot die einde van die seisoen.
- Daag betyds op by alle oefeninge en wedstryde.
- Tree ten alle tye beleefd op teenoor opponente, afrigters en skeidsregters.
- Aanvaar en respekteer die gesag van die afrigters by oefeninge en spankeuses.
- Bevraagteken nooit 'n skeidsregter se beslissing nie, hetsy verbaal of deur negatiewe liggaamstaal.
- Laat draf besoekers eerste op baan/veld met tuiswedstryde.
- Maak hom/haar nooit skuldig aan kru taal of smerige opmerkings nie.
- Hou by die reëls (vuilspel, swak gedrag en oneerlikheid sal nie geduld word nie).

- Bedank opponent en skeidsregter met 'n handdruk na afloop van die wedstryd.
- Onttrek nie uit 'n span sonder 'n geldige rede nie.
- Neem deel om optimaal te presteer.

**c. Gedragskode en pligte vir kapteine**

Die wyse waarop 'n kaptein aangewys word deur die afrigter bepaal.

- Ontvang opponent voor tuiswedstryde en doen loting.
- Maak seker dat spanlede korrek geklee is volgens regulasies.
- Tree as segsman op by skeidsregter met betrekking tot beslissings, beserings en reëls.
- Maak seker dat eie spanlede stiptelik aanmeld.
- Gee probleme onder spanlede deur aan afrigter.
- Eerlikheid.
- Moet ten alle tye 'n ambassadeur vir die skool wees.
- Lei met voorbeeld.
- Moet altyd optree in beste belang vir die skool.

**d. Gedragskode vir ouers en toeskouers**

- Toeskouers moet ten alle tye as ambassadeurs van die skool optree. Om dit te bewerkstellig, moet ouers/toeskouers die volgende beginsels handhaaf:
- Aanvaar die gesag van die afrigter, sportbestuurder en bestuurspan.
- Tree ten alle tye lojaal op teenoor afrigter en skool.
- Moedig deelname aan.
- Modelleer goeie sportmanskap en sosiale gedrag.
- Raak nie betrokke by direkte inmenging, intimidasie of negatiewe opmerkings teenoor spelers, skeidsregters of afrigters nie.
- Konfronteer geen ouer of afrigter voor kinders nie.
- Raak nie betrokke in argumente met ondersteuners van die opponerende skool nie.

Privaatskool Elnatan kan optree teen ouers en toeskouers wat hul self skuldig maak aan bogenoemde.

### 3. SPORTKOSTES

Die beoefening van sport word as 'n belangrike komponent van leerlinge se holistiese ontwikkeling gesien. Verskaffing van afrigting en geriewe vir goedgekeurde skoolsport soos aangebied deur Privaatskool Elnatan word dus deur die skool se normale begrotingsproses befonds.

**a. Dit sluit die volgende in:**

- Noodhulpdienste.
- Instandhouding van fisiese geriewe en sportterrein
- Vervoer en verblyf soos bespreek in punte **2.5** en **2.6**.

**b. Die ouers is egter vir die volgende uitgawes verantwoordelik:**

- Enige ander onbegrote ad hoc kostes wat binne die raamwerk van die skool val, sal deur die bedryfshoof ondersoek word.

**c. Borgskappe geskied in oorleg met die sportbestuurder.**

### 4. TOERE (ADENDUM A)

Toere word van jaar tot jaar gereël ooreenkomstig die doelwit van wye deelname en blootstelling.

'n Beoogde toerrooster word jaarliks aan ouers beskikbaar gestel.

Daar sal gepoog word om jaarliks 'n sporttoer met die 0/13 A en 0/19 A - spanne van die skool in elke sportkode te onderneem. Die hoofdoel is om sportvriendskappe te sluit, ons spelgehalte nasionaal en internasionaal te gaan toets en ons leerlinge se vaardighede uit te brei. Opvoedkundige beginsels soos gesonde kompetisie, genot, blootstelling, kameraadskap, konsiderasie en dissipline is fundamenteel. Elke leerling sal 'n regverdigde speelkans kry tydens die toer.

Teenstanders sal geselekteer word n.a.v. kompeterende vermoë, asook ooreenstemmende opvoedkundige en etiese kodes met ons skool.

Skoolbusse sal beskikbaar wees vir toere maar brandstof en alle ander toerkostes word deur die ouers gedra.

**Toere moet deur die sportbestuurder en skoolhoof goedgekeur word. Alle toere word uit die sportkantoor gereël en bestuur. 'n Gedetailleerde inkomstestaat moet na afloop van die toer aan die bedryfshoof oorhandig word.**

### 5. NOODHULP

Noodhulpdienste word beskikbaar gestel by tuiswedstryde na gelang van die behoeftes van die spesifieke sportsoort of sportbyeenkoms. Hierdie dienste word vooraf met 'n diensverskaffer/personeel geskeduleer deur die sportbestuurder.

Afrigters met basiese opleiding in noodhulp verkry toegang tot die skool se noodhulptoerusting vir basiese beserings by oefeninge. Geen speler/speelster mag

aan enige kontaktsport deelneem met 'n oop/nat of bloeiende wond/besering nie. Geen speler wat siek of beseer is mag aan enige sport deelneem nie.

## **AFDELING C**

### **SPORTDEELNAME EN AFRIGTING**

#### **1. ERKENDE SPORTKODES**

Hier is 'n uiteensetting van die sportsoorte wat aangebied word deur die skool. Dit is egter belangrik dat afrigtingskapasiteit, afrigtingskundigheid en leerder getalle bepalend is in watter sportkodes aangebied word.

Daar is bepaalde oorvleuelings tussen verskillende en seisoenale sportsoorte. Sodanige oorvleueling sal bestuur word op grond van die meriete van die saak en die algemene belang van die skool en die kind.

#### **1.1 Sportkodes wat aangebied word binne skoolverband**

##### **a. Somersport**

- Atletiek
- Boogskiet
- Krieket
- Skaak
- Tennis
- Jukskei

##### **b. Wintersport**

- Boogskiet
- Hokkie
- Netbal
- Rugby
- Skaak
- Jukskei

#### **1.2 Sportkodes wat erken word buite skoolverband**

Ondergenoemde sportkodes word tans deur leerders van Elnatan beoefen. Sportkodes wat nie hier vermeld word nie sal ook as sportkodes buite skoolverband geag word.

- Hengel
- Saalperde
- Skyfskiet
- Tafeltennis
- Uithouritte

## **2. ALGEMENE RIGLYNE VIR DEELNAME AAN SPORT**

- Alle leerders van Elnatan sal die geleentheid kry en aangemoedig word om aan sport en fisieke aktiwiteit deel te neem. Die primêre fokus van sportdeelname is gebaseer op 'n fisiek aktiewe leefstyl van die kind. Die skool moedig dus massa deelname in sport aan.
- Soveel moontlik spanne/deelnemers word vir toernooie, byeenkomste en wedstryde ingeskryf om deelname aan te moedig en te bevorder.
- Leerders sal nie gedwing word om aan sport deel te neem nie. Leerders word aangemoedig om deel te neem aan 'n winter en somer sport van hul keuse.
- Talent identifisering word benadruk asook ontwikkeling binne die nodige kundigheid en begrotingskapasiteit van die skool.
- Daar sal deurgaans 'n klem op deelname en ontwikkeling van vaardighede geplaas word.
- Kompetisiedeelname en prestasie sal in perspektief met die kind se emosionele ontwikkeling en vlak van deelname bestuur word.
- Indien daar dus bv. drie reserwes is, MOET die reël wees om die reserwes ook speelgeleentheid tydens ELKE sportdag of wedstryd te gun.
- Wanneer daar egter in eindronde (kwart-, semi- en finale) vir nasionale kompetisies bv. netbal (O/12 en O/13) en rugby (O/11 en O/13) deelgeneem word, is die gebruik van reserwes, die volle diskresie van die afrigter. Afrigters is nie verplig om reserwes 'n speelkans te gee nie.
- Geen kinders wat beseer, siek of op sekere medikasie is mag aan oefeninge of wedstryde deelneem nie. Afrigters moet ooreenkomstig ingelig word van sodanige toestande.
- Deelname sal sodoende bepaal word op grond van professionele mediese kundigheid en aanbeveling. Afrigters kan aandrang op sodanige verslag alvorens leerders mag deelneem.
- Leerders word aangemoedig om te volhard met hul deelname tot die einde van die seisoen.
- Elnatanleerlinge wat begin om 'n sportsoort te doen mag nie die sportsoort staak alvorens die laaste wedstryd van die seisoen gespeel is nie.

- Dit kan slegs met die wete en toestemming van die sportbestuurder gedoen word indien daar buitengewone omstandighede bestaan.

## **2.1 DEELNAME**

### **Spesifieke deelname vereistes per sportkode**

#### **ATLETIEK**

- Deelname aan die huiskompetisie word aangemoedig vir alle leerders.
- Die eerste en tweede plekke van die huiskompetisie sowel as ander genoides sal aangaan met atletiek tot en met die Privaatskole-atletiek.
- Sover moontlik wil ons dat al hierdie atlete ook aan die Streek en Nasionale kampioenskappe deelneem.
- Atlete moet hul eie wegspringblokke verskaf waar nodig.
- Die skool is verantwoordelik vir ander apparaat tydens oefenige en kompetisies.
- Voorgeskrewe atletiekdrag is verpligtend

#### **BOOGSKIET**

- Slegs leerders vanaf Gr. 5 tot Gr. 12.
- Neem deel aan Privaatskool naweek.
- Kan individueel deelneem aan Nasionale kompetisies.

#### **KRIEKET**

- Dogters mag ook vir seunsspanne speel en mag twee ouderdomme af speel as haar eie ouderdom. Dit word so bepaal deur Namibië krieket.
- Sover moontlik moet elke leerling sy/haar eie kriekettoerusting verskaf.
- Daar word deelgeneem aan die Sentrale skoleliga, maar die O/19-seunsspan mag aan die seniorliga deelneem as die leerling se standaard van krieket dit toelaat.

#### **SKAAK**

- Neem deel aan Privaatskool naweek
- Skool kan inskryf vir ander skaaktoernooie
- Daar is laerskool en hoërskoolspanne

## TENNIS

- Graad 1 & 2-leerlinge het geen tennisafrigting nie (Kiddies sport).
- Neem deel aan Privaatskool naweek
- Kan individueel deelneem aan Nasionale kompetisies

## HOKKIE

- Daar mag gemengde seuns- en meisiespanne gekies word indien die liga en opponente dit so toelaat.
- Indien daar 14 hokkiespelers is, moet al 14 vir die span gekies word en gaan deelneem.
- Indien daar genoegsame spelers is, moet daar 'n deeglike proewe gehou word voor die span/toergroep aangekondig word.
- Daar moet ten minste 3 keurders wees tydens proewe waarvan een keurder nie 'n personeellid moet wees nie .

## NETBAL

- Die eerste netbalspan word uit die beste netbalspeelsters gekies van ouderdomme 16 tot 19 jaar. Spesiale gevalle moet deur die skoolhoof goedgekeur word.
- Om hierdie rede MOET daar deeglike proewe vooraf gehou word om die eerstepangroep vir die jaar te kies.
- Die eerstepangroep mag egter nooit geslote wees nie en indien 'n dogter nie meer die eerstepan-groep haal nie moet sy na haar ouderdomsgroep terugkeer.
- Die teenoorgestelde is ook waar. Die dogter/s wat nie belangstel om in 'n betrokke jaar vir die eerstepan te speel nie, sal nie aan die proewe deelneem nie en dus nie in ag geneem word vir die skool se eerstepan nie.
- Alle ouderdomsgroepe vanaf O/7 tot O/13 (laerskool netbal) moet van alle spelers gebruik maak in die betrokke ouderdomsgroep. Slegs wanneer daar nie genoeg spelers is om een span vol te maak nie, mag jonger spelers opgetrek word. Hierdie moet deur die sportbestuurder goedgekeur word.
- As daar genoeg spelers in 'n ouderdomsgroep is om twee spanne te maak moet beide spanne ingeskryf word. Indien die oorblywende spelers, nadat die A-span gekies is, nie 'n volle span kan maak nie kan hulle in 'n hoër ouderdomsgroep gebruik word.
- Indien 'n ouderdomsgroep nie genoeg spelers het nie sal die bestuurspan besluit hoe die spelers in daardie groep bestuur gaan word.

- Indien **daar te min spelers** is om 'n volledige span te kan saamstel nie mag die afrigter met die toestemming van die sportbestuurder, nie ingeskrewe dogters, vir die Elnatanspan kies om die span voltallig te maak.
- Dit moet egter binne die skole-unie (NSSU) se reëls wees en daar moet die nodige skriftelike toestemming verkry word
- Indien daar egter 'n voltal spelers is en 'n nie-ingeskrewe dogter wel betrek en gekies word vir die span, moet hierdie dogter vanaf die reserwebank diens doen en kan dan daarvandaan deur die afrigter gebruik word.

## JUKSKEI

- Neem deel aan Privaatskool naweek
- Neem deel aan nasionale proewe
- Skool kan inskryf vir ander toernooie
- Daar is laerskool en hoërskoolspanne (volwasse spanne)
- Spelers verantwoordelik vir eie skeie en toerusting.

## RUGBY

- Indien **daar te min spelers** is om nie 'n volledige span met reserwes te kan saamstel nie mag die afrigter met die toestemming van die sportbestuurder, nie ingeskrewe seuns, vir die Elnatanspan kies om die span voltallig te maak
- Dit moet egter binne die skole-unie (NSSR) se reëls wees en daar moet die nodige skriftelike toestemming verkry word.
- Hierdie seun(s) sal dan soos enige Elnatanseun op meriete gekies word, m.a.w. dit kan gebeur dat so 'n seun bo 'n ingeskrewe Elnatanspeler gekies word en speelkans kry.

Alle sportkodes in spanverband se keuringsprosesse moet as volg geskied:

- A- spanne word op meriete gekies (beste spelers moet speel)
- B- spanne word gekies op 'n rotasie basis (almal moet speelkans kry)
- C- spanne word gekies op 'n rotasie basis (almal moet speelkans kry)

Leerders word toegelaat om aan meer as een somer- en wintersportkodes deel te neem



## **2.2 DEELNAME VOLGENS OUDERDOMSGROEPE**

Die skool word vanweë reëls en regulasies blootgestel aan skorsing indien daar nie streng aan die voorgeskrewe reëls voldoen word nie. Ouers moet dus sorg dra dat die skool oor die regte inligting beskik deur bewyse van geboortesertifikate te alle tye beskikbaar te hê.

- Alle sportdeelnemers van Elnatan moet in die regte ouderdomsgroep (nie jonger ouderdomsgroep) deelneem nie volgens die nasionale reëls en regulasies van die sportkode.
- Seuns mag huidig 6 maande terugspeel in die nasionale O/14 en O/15 rugbyligas. Normaalweg is die reël dat die ouderdom op 1 Januarie bepaal word bv. indien die leerling reeds 13 is op die 1ste Januarie is hy O/14. Indien hy egter op die 1ste Januarie of daarna eers 13 word, is hy nog O/13.
- Elnatanleerlinge mag in 'n hoër ouderdomsgroep speel indien die skool die spelers daar kies; die ouers daartoe instem en dit binne die nasionale sportreëls val. Dit moet deur die sportbestuur goed gekeur word.

## **3. OEFENINGE**

### **3.1 Buitemuurse Sportprogram**

'n Buitemuurse sportprogram word voor die aanvang van elke sportseisoen deur die sportbestuurder in samewerking met die betrokke sport sameroepers saamgestel en deur die skool se bestuurspan goedgekeur. Die buitemuurse sportprogram word opgestel om botsings te vermy. Sodanige program word in belang van die skool gedoen en kan ongelukkig nie ouers of kinders se individuele behoeftes en praktyke in ag neem by die opstel van die program nie. Die buitemuurse sportprogram voorsiening dat sportoefening teen 17:00 (wintertyd) en 18:00 (somertyd) klaar is, behalwe byvoorbeeld tydens krieketwedstryde waar dit langer aanhou

### **3.2 Oefeninge in eksamen- en toetstye**

- Sportoefening tydens eksamentyd gaan normaal voort.
- Gedurende deurlopende assesserings en toetse gaan oefening en wedstryde egter normaal voort.

### **3.3 Afstel van oefeninge**

- Oefeninge word slegs in uitsonderlike gevalle afgestel en dan slegs na oorleg met sportbestuurder.
- Wanneer meeste van die spanne in 'n groep wedstryd speel, sal daar nie oefening plaasvind nie weens pligte van die afrigter en beskikbaarheid van fasiliteite.

## **4. WEDSTRYDE**

'n Wedstrydprogram word so vroeg moontlik in die seisoen beskikbaar gestel. Geen wedstryd of addisionele verpligting sal by die datumlys gevoeg word sonder die sportbestuurder se goedkeuring nie.

### **4.1 Ligabepalings**

Die skool neem in oorleg met nasionale voorskrifte en bepalinge deel.

### **4.2 Proef- en verteenwoordigende wedstryde**

- a. Provinsiale proef- en verteenwoordigende wedstryde/oefeninge geniet voorrang bo amptelike ligawedstryde.
- b. Nominasies vir proewe geskied ooreenkomstig die voorskrif van die Provinsiale of Streeksportkode en val buite die jurisdiksie van die skool. Daar word van ouers verwag om sover moontlik eie reisreëlings te tref m.b.t. streeks-/provinsiale proefwedstryde, oefeninge en toernooie.

### **4.3 Wedstryde in eksamentyd**

Sal deur die skoolbestuurspan op 'n adhoc basis bestuur word.

### **4.4 Afstel van wedstryde**

- a. Wedstryde word slegs in uitsonderlike gevalle gekanselleer en dan na motivering en in oorleg met die skoolhoof, sportbestuurder.
- b. In die geval waar wedstryde afgestel word, sal alle spanne voortgaan met oefeninge waar moontlik.

## **5. KLEREDRAG**

### **5.1 ALGEMENE REËLS**

Kleredrag tydens sportgeleenthede is in ooreenstemming met die amptelike goedgekeurde kleredragbeleid van Privaatskool Elnatan.

### **5.2 SPORTDRAG TYDENS WEDSTRYDE**

- a. Voorgeskrewe sportdrag (inligting beskikbaar by sportkantoor) is verpligtend vir alle wedstryde.
- b. Slegs die Elnatan-sportklere mag gedra word voor en na wedstryde, maar is opsioneel.
- c. Slegs die Elnatan-pet en koningsblou rugsak mag saam met sportklere gedra word.

- d. Tekkies en wit sokkies mag saam met sportdrag gedra word.
- e. **Geborgde sportdrag**
  - Kleredrag bly eiendom van die skool.
  - Aan die einde van die jaar kan die spelers hulle sportdrag ontvang indien die sentrale sportkomitee so besluit. (Spanne moet in 'n finaal speel om te kwalifiseer vir hul klere.)
  - Aan die einde van die jaar ontvang die 1ste spanne hul sportdrag ( Borge vir die volgende jaar).
  - Die maak van addisionele klere moet deur die sportbestuurder goedgekeur word.

### **5.3 SPORTDRAG TYDENS OEFENINGE**

- Oefeninge kan in enige gemaklike, geskikte sportdrag bygewoon word.

## **6. AFRIGTING**

### **6.1 INLEIDING**

**Afrigting by Elnatan word gedoen deur die beskikbare onderwysers en vrywillige buite-afrigters. Afrigters word deur die sportbestuur aangestel. Die sportbestuurder sal in oorleg tree met sameroepers en dit voorlê aan die skoolbestuurspan vir goedkeuring.**

### **6.2 PLIGTE VAN DIE AFRIGTER**

1. Algemene operasionele bestuurder en afrigting van die span.
2. Oordrag van vaardighede soos ten doel gestel vir 'n spesifieke groep.
3. Hanteer oefeninge en kontroleer bywoning van deelnemers.
4. Die afrigter moet reëlings tref indien hy/sy afwesig is. Sportbestuurder moet kennis dra van reëling
5. Verantwoordelik vir die spankeuse van die sportkode en ouderdomsgroep.
6. Pas wetenskaplike oefenbeginsels toe ten opsigte van kondisionering en kompetisie deelname van deelnemers.
7. Afrigters moet ten alle tye in besit wees van 'n databasis van die span by wedstryde.
8. Stel 'n goeie voorbeeld ten opsigte van
  - gedrag en kleredrag
  - Nougeset in tydsbestuur en kommunikasie
  - Afrigters moet ten minste 10 minute voor oefening aanmeld.

9. Verantwoordelik vir apparaat, soos op die inventaris van toerusting aan hom/haar besorg, wat tydens oefeninge gebruik word.
10. Wees op hoogte van nuutste reëls en tendense deur gereeld afrigtingsklinieke by te woon.
11. Tree as skeidsregter op tydens wedstryde.
12. Verantwoordelik vir vroegtydige, deeglike korrespondensie m.b.t. span, tye, vervoer, plek, ens.

### **6.3 VRYWILLIGE BUIE-AFRIGTERS**

Personeel van Privaatskool Elnatan dien as hoofafrigters. Buite-afrigters sal as hulp afrigters betrek word. Indien daar nie genoeg of bevoegde personeel is om spanne af te rig nie kan buite-afrigters as hoofafrigters dien met goedkeuring van die skoolhoof.

Buite-afrigters is onderhewig aan die volgende:

- die opvoedkundige beginsels van die skool.
- dieselfde pligte soos in **6.2**.
- bewese ervaring en ondervinding.

### **6.4 SPANKEUSES: ALGEMEEN**

1. Die kies van spanne word oorgelaat aan die diskresie van die afrigters op die volgende basis:
  - o.10 – o.19 – Spelers word suiwer op meriete gekies (met skuiwe ook op meriete).
  - Waar genoeg spelers is, moet hier deeglike proewe gehou word met ten minste 3 keurders betrokke waarvan die afrigter die hoof is.
  - o.7 – o.9 - Meriete, maar met fokus op
    - A-span: Op meriete
    - B- en C-spanne: Gereelde rotasie
2. Alle spelers moet geleentheid kry om wedstryde te speel.
3. 'n Speler wat sonder 'n grondige verskoning by die voorlaaste oefening afwesig is, verbeur die kans om in die daaropvolgende wedstryd te speel.
4. Spelers kan egter nie op 'n konstante basis oefeninge mis nie.
5. Indien daartoe versoek, kan afrigters hulle spankeuses verduidelik, maar dit verander nie hulle diskresie of finale besluit t.o.v. spankeuses nie.
6. Alle beseerde spelers sal aan 'n fiksheidstoets onderwerp word voor hertoelating tot die span.

**AFDELING D**  
**SPORTFASILITEITE**

- Alle sportfasiliteite van Privaatskool Elnatan word op eie risiko gebruik
- Krieketnette mag slegs gebruik word met teenwoordigheid van afrigter of volwasenne

**SAMEVATTING**

- Die sportbeleid soos hierbo geld vir alle sportsoorte.
- Elke sportkode kan oor sy eie strategiese beplanning beskik.
- Riglyne vir die onderskeie sportsoorte kan ook opgestel word t.o.v. praktiese reëlins wat nie beleid raak nie. Hierdie riglyne kan bv. handel oor reëlins vir oefentye en ander organisatoriese sake.